

---

# NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

## EERSTE DAG

### ST. FILIP SE LIEFDE VIR GOD



Filip Neri was van kleinsaf bekend vir sy goeie aardigheid. As kind was sy bynaam ‘*Pippo Buono*’ oftewel ‘*goeie Flippie*’. Hierdie natuurlike goedheid het voortgekom uit sy diep verhouding met God en sy besondere liefde vir die Heilige Gees. Later in Rome sou hy een Pinkster op mistieke wyse ervaar hoe die Heilige Gees letterlik sy liggaam in die vorm en gedaante van ‘n vlamme vuurbal binnedring en in sy hart tot rus kom. Vir die res van sy aardse lewe het sy liggaam hitte uitgestraal, sy hart het letterlik warmte afgegee en dié vurige liefde wat hy vir God gehad het was so aantreklik dat almal met wie hy in aanraking gekom het op die een of ander manier ook daardeur begeesterd geraak het.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES VAN GOD, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART VERVUL HET.



## NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

TWEEDE DAG

### ST. FILIP SE LIEFDE VIR DIE WOORD VAN GOD

Die Oratorium het ontstaan uit die informele byeenkomste van Sint Filip en sy volgelinge rondom die bestudering van die Heilige Skrif. *“Was ons harte nie brandend in ons toe Hy langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie”* (Luk 24:32). Hierdie woorde oor die Here Jesus behoort ook van toepassing te wees op sy dissipels, waarvan die heilige Filip so ‘n vurige voorbeeld was. Sint Filip het sover gegaan om by die Oratorium byeenkomste gewone gelowiges uit te nooi om oor die Heilige Skrif te praat, iets wat destyds ongehoord was. By Filip het dit nie gegaan oor ‘n hoogdrawende geprekery nie, maar oor ‘n eenvoudige en vertroude omgang met die woord van God wat die krag het om mense se lewens te verander.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES VAN DIE LEWENDE WOORD, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART VERVUL HET.

---

# NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM DERDE DAG ST. FILIP SE LIEFDE VIR MARIA



Van die Maagd Maria het Sint Filip geleer hoe om gehoorsaam te wees aan die werking van die Heilige Gees in sy lewe. Vir hom was Maria sy geestelike Moeder en die rolmodel van hoe 'n gelowige glo en werk en leef. Hy het geweldige vertroue in haar kragtige voorspraak gehad. Hy het altyd geglo dat sy die eintlike stigteres van die Oratorium was en wou haar afbeelding bo elke altaar in die Oratoriumkerk plaas. Terwyl hy, net vóór sy afsterwe, ernstig siek en in baie pyn was, het hy die geneesheer gevra: *“Het u Maria hier by my bed gesien?”* Een van sy gunsteling skietgebede was: *Maagd Maria, Moeder van God, bid vir my tot Jesus.*

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES WAT DIE LEWE IN MARIA VERWEK HET, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART VERVUL HET.

---

# NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

## VIERDE DAG

### ST. FILIP SE LIEFDE VIR DIE KERK



Aan sy getroue navolging, Césare Baronius, het Sint Filip die opdrag gegee om die eerste volledige Kerkgeskiedenis neer te skryf. Sy liefde vir die Kerkvaders en die heiliges was gegrond op sy siening van die Kerk as geloofsgemeenskap deur die eeue heen. Net so sterk as wat hy gevoel het dat die teenwoordige kultuur en tyd middele bied wat ingespan kan word om mense nader aan God te bring, so vas het hy geglo dat ons baie kan leer by die gelowiges wat ons voorafgegaan het.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES WAT DIE KERK LEI, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART  
VERVUL HET.



## NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM VYFDE DAG ST. FILIP SE LIEFDE VIR GEBED

Bo alles was die heilige Filip 'n man van gebed en daarom is dit nie verbasend dat die kongregasie wat hy gestig het se naam Oratorium 'n *plek van gebed* beteken nie. Sint Filip se bedoeling met sy gemeenskap was om 'n leerskool vir gebed op die been te bring. Gebed was vir hom die normale manier om met die Heilige Skrif vertrouwd te raak en met mense en sy omstandighede en elke situasie om te gaan. Hy het letterlik realiteit deur middel van gebed ervaar. Alles het hy in gebed voor die Here gebring en deur middel van sy kenmerkende kort skietgebede was hy eintlik die heelyd besig om te bid.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES WAT ONS LEER HOE OM TE BID, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART VERVUL HET.



# NOVEEN TOT ST. FILIP NERI

## STIGTER VAN DIE ORATORIUM

### SESDE DAG

## ST. FILIP SE LIEFDE VIR DIE BIEG

Sint Filip se daaglikse werkkruimte het vernaamlik uit twee plekke bestaan, wat nou met mekaar verbind was, die strate van die Rome en die biegestoel. Die gawe van die Heilige Gees wat hy ontvang het, het hom onvermoeibaar gemaak soos hy die heelyd besig was om siele met God te versoen. Hy het ure op straat deurgebring waar sy vriendelike gesprekke met mense hulle aangespoor het om hul verhouding met God te verdiep of te herstel en hy het ure in die biegekamer deurgebring waar hy as ware sieledokter genesing en gemoedsrus bewerkstellig het. Hy het mense selfs toegelaat om hom enige tyd in sy kamer te pla as hulle van die Biegsakrament gebruik wou maak.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...


KOM HEILIGE GEES, GEES VAN WAARHEID, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART VERVUL HET.

---

# NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

SEWENDE DAG

## ST. FILIP SE LIEFDE VIR ALMAL IN NOOD



Sint Filip se manier van evangelisasie kan beskryf word as 'n apostolaat van vriendskap. Hierdie apostolaat was nie tot 'n sekere groep of stand beperk nie, maar het almal ingesluit, siekes en gesondes, armes en rykes, geleerdes en ongeskooldes, gewone mense en adellikes. Hy het oor die merkwaardige vermoë beskik om letterlik almal se vriend te wees. Hy was ewe tuis in die stinkende siekehuse van daardie tyd as in die marmersale van die hoëlui se paleise. Deur sy opregte vriendskap kon hy mense se vertrouwe wen en het hulle uiteindelik die moed gekry om hul beproewinge en sondes met hom te deel. Hy het geweet dat elke mens die een of ander nood ly en geneiging nodig het.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES VAN MEDELYE, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART  
VERVUL HET.



## NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

AGSTE DAG

### ST. FILIP SE LIEFDE VIR NEDERIGHEID EN ONBEKENDHEID

Nederigheid is 'n voorvereiste vir ware gebed en egte dialoog met God. Een van die heilige Filip se bekendste gesegdes was: *“Wees nederig, verneder jouself”*. Hy het geweet dat ons grootste struikelblok ons eie ego en selfsug is, ons behoefte om deur mense en die wêreld vereer te wil word – dit bemoelik alle vooruitgang in die geestelike lewe. Hoogmoed en spoggerij maak dat daar geen plek vir God in ons lewe is nie. Vir die Heilige Gees om in en deur ons te werk sodat ons God se wil kan doen, moet ons onself leegmaak van alles wat om die eie 'ek' draai. Hy het altyd weggevlug van alle eerbetoning en nooit toegelaat dat hy die middelpunt van mense se aandag word nie.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES VAN VRIENDSKAP, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART  
VERVUL HET.





## NOVEEN TOT ST. FILIP NERI STIGTER VAN DIE ORATORIUM

NEGENSE DAG

### ST. FILIP SE LIEFDE VIR VREUGDE

In 'n wêreld belas met sorg en moeilikhede, was Sint Filip se ongeveinsde vreugde en die blye uitstraling wat hy gehad het die ding wat sy tydgenote die meeste opgemerk het. Sy vreugde was aansteeklik en 'n teken van sy gemoedsrus en berusting in God. Hy het vas geglo dat neerslagtigheid en swartgalligheid geestelike vooruitgang in die wêreld is. Sy blydschap was altyd opreg en eerlik – 'n ware gawe van God en die resultaat van 'n goeie gewete, sy vermyding van alles wat vals is en sy diepe bepeinsing van die hoogste waarhede van die lewe. In sy tyd was hy bekend as die heilige grapjas, lief vir lag en altyd opgeruimd. Hy het geweet dat gesonde godsdiens beteken dat jy nooit jouself en ander en die dinge van hierdie wêreld te ernstig moet opneem nie.

ONSE VADER ...

WEES GEGROET MARIA ...

EER AAN DIE VADER ...

KOM HEILIGE GEES, GEES VAN VREUGDE, EN VERVUL MY HART SOOS U DIE HEILIGE FILIP SE HART  
VERVUL HET.